Die Groot Geloofswoordeboek: Moralisme

Mense moet presies al die wette hou sonder dat daar klem gelê word op hulle verhouding met die Here. Dit is gewoonlik ‘n baie streng houding met min uitsig op genade en vergifnis. Dit kom ook voor as boeteprediking. God word gewoonlik eensydig voorgestel as die heilige God wat die sonde haat en straf.

Uit reaksie teen hierdie eensydigheid is daar weer die ander eensydigheid van net liefdesprediking sonder die eis van bekering. Dan word die genade goedkoop en die evangelie vreugdeloos, ‘n stukkie kultuur. Philip Yancey het ‘n boek geskryf, *What’s so Amazing about Grace?* (*Prediking, *Oordeel, *Redding)

Skrywer: Prof Adrio König